Psalm 37:7

Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou en jou nie ontstel oor die voorspoedige lewe van 'n skelm nie.

As jy wil weet wat volgens die Bybel die direk teenoorgestelde van afguns is – dis vertroue. Iemand wat die Here werklik vertrou, voel nie verplig om te kontroleer of 'n ander persoon dalk meer kry as hy nie. Hy ontstel hom nie oor ander se voorspoed nie. Hy raas en baklei nie omdat hy meen dat hy dalk minder kry nie. Hy kan ander selfs gun wat hulle het – al het hulle ook meer as wat hy self het!

Here, ek wil U graag volkome vertrou. Laat my tog nooit vergeet dat U in alles vir my sorg nie.

Psalm 37:16-17

Die bietjie van die regverdige is beter as die rykdom van talle goddeloses, want die mag van die goddeloses sal verbreek word, maar die Here sal die hulp wees van die regverdiges.

'n Gelowige wat afgunstig raak op dit wat ander mense het, is 'n gelowige wat vergeet het waaroor dit eintlik gaan. Dis na alles nie die hoeveelheid aardse goed wat ons besit, wat ons geluk bepaal nie. Dis tydelike goed daardie. Dit wat die Here vir elke gelowige gee: vrede, blydskap, die ewige lewe, is oneindig meer werd as al die skatte van hierdie wêreld. Ons weet immers dat die Here aan ons kant is, en altyd gereed is om ons te help. Wat kan ons dan nog wil hê?

Here, ek lewe in 'n samelewing wat net op geld en besit ingestel is. Help my om tog nie perspektief te verloor nie, maar te onthou waaroor dit regtig gaan!